

22 Oktober

Jeremia 29:4-14

Die Here weet wat Hy wil

Valse profete hou die ballinge onder die indruk dat die ballingskap van korte duur sal wees. Dan sal alles weer terugkeer na dit waaraan hulle gewoon was. Maar in Jeremia se brief is die Here se opdrag anders: Bou huise en plant tuine (vers 5); neem vroue en verwek seuns en dogters (vers 6); soek vrede van die stad (vers 7). Dit is dieselfde as Adam se kultuuropdrag in die Paradys, naamlik bewoon, bewerk en bewaak. Met ander woorde: gaan voort met jul daaglikse werk en vermeerder, moenie passief, handegevou sit en elke strooihaalm van sogenaamde profesie glo nie. Want die HERE sê: "Ek weet watter gedagtes Ek aangaande julle koester,..." (vers 11). Die HERE wéét wat Hy wil.

Maar wat wil die HERE dan deur al die geweld en chaos? Die HERE sê die gedagtes wat Hy koester is: "gedagtes van vrede en nie van onheil nie,..." Al word dit gesien as onheil en selfs so ervaar, sê die HERE sy gedagtes is dié van vrede. Is dit moontlik? Ja, want Jesus Christus verklaar die vrede: "Vrede laat Ek vir julle na, My vrede gee Ek aan julle; nie soos die wêreld gee, gee Ek aan julle nie". Daarom, al moet die ballinge (en ons), nou onder die oordeel staan, die grond van God se gedagtes aangaande sy volk is heilgedagtes nie om hulle in die verderf te laat verkwyn en verdwyn nie. Glo met jou hele hart dat God steeds in beheer is en sy Raadsplan ten uitvoer bring. Daarom, vers 11: "... om julle 'n hoopvolle toekoms te gee". Geen mens ken die verborge dieptes van God se hart nie, maar hier openbaar Hy sy gedagtes as hoopvol, toekomsgerig. Daartoe roep en versterk Hy ons deur sy Woord en Gees. Maar dan langs welke weg? - Ballingskap ... 70 jaar... worsteling en verwydering... Hoekom dan? Want die HERE eis BEKERING - terugkeer na Hom en vertrou op Hom alleen met jou hele hart; in gebed jou node aan Hom toevertrou en om vergiffenis smeek.

In die moeilikste omstandighede, hetsy lands-, huis-, huwelik of gesin, keer terug na die HERE en plaas jou vertrou volkome op Hom alleen en Hy sal sy beloftes vervul.

Sing: Psalm 2:1

Ds. J.E. Franck (Bothaville/Viljoenskroon)